SAKE 24 (Beeld)
11 Oct 2012, p.22

REKORD

Kitsbankgeld vloei

Letitia Watson

Kaapstad. – Kliënte het verlede maand meer geld by kitsbanke onttrek om seker te maak hulle het genoeg kontant in die sak. Verskeie kitsbanke het teen die einde van die maand weens stakings leeggeloop.

Die gemiddelde waarde van kontantonttrekkings het tot R449,47 gestyg, 3,34% meer as die R434,93 van Augustus, volgens Spark ATM Systems. Hy meet kontantonttrekkings by meer as 2 000 kitsbanke oor die land heen.

Dit is die eerste styging op 'n maandgrondslag sedert Junie en die derde grootste bedrag sedert in 2007 met die navorsing begin is. Die twee grootste bedrae is in Desember-maande onttrek. Op 'n jaargrondslag is die styging 8,60%.

"Die kitsbanke wat van transitokontant afhanklik was, het stadig maar seker begin leegloop. Saterdag was daar toue verbruikers wat geld wou onttrek by kitsbanke in winkels wat kontant gehad het omdat hulle nie van transitokontant afhanklik was nie," sê Marc Sternberg, uitvoerende hoof van Spark.

Sternberg reken dit wys ook dat verbruikers die positiewe uitwerking van die rentekoersverlaging in Julie begin voel.

"Die langnaweek in September het ook beteken dat verbruikers meer tyd gehad het om hul geld te bestee, wat ook die onttrekkings 'n hupstoot kon gee."

Thea Fourie, senior ekonoom van IHS Global Insight, sê die redelike jaar-tot-jaar-styging kan moontlik toegeskryf word aan swak groei 'n jaar tevore.

"Sou die positiewe groei gehandhaaf word, sal dit waarskynlik die gevolg wees van die jongste loonverhogings in die mynsektor wat oorspoel na die breër ekonomie."